
## 108 Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het



Ek was verlore in my sonde
en van die goeie weg vervreem.
Tog doen die Heer aan my die wonder
om my as kind terug te neem.
Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

O God, wat ryk is aan ontferming,
weerhou genade nooit van my,,
maar hou my steeds in u beskerming
by U sal ek vir altyd bly!
Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd,
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

Phillip F. Hiller (1699-1769) J.L.F. Hainlin (1750-1823)